

## 15 ANDER ELEMENTE

Mens en dier het 'n groter verskeidenheid mikro-elemente as plante vir normale lewe nodig. Diere benodig ook mikro-elemente soos jodium (I), chroom (Cr), nikkel (Ni), selenium (Se), stronsium (Sr), vanadium (V) en kobalt (Co). Die invloed van sekere van die elemente op plant produksie is al ondersoek.

Met Co en Se is al verbeterde opbrengste op 'n wye reeks gewasse gevind.

Blaarbespuitings met kaliumjodied teen 20mg l per liter water verhoog die suiker-inhoud van appels en druwe.

Stronsium kan die werking van Ca oorneem. Waar 'n kalsiumgebrek as gevolg van 'n te hoë konsentrasie magnesium ondervind word, kan Sr dit verlig.

Vanadium en gallium stimuleer wortelontwikkeling maar teen baie lae konsentrasies van 1 deel per biljoen.

Silika is bekend dat dit die plante fisies teen omgewingsfaktore en plae beskerm. Silika word deur die plante opgeneem en vorm 'n versperring net onder die epidermis waar dit die indringing van myselium beperk. Insekte vind silika-behandelde plante ook minder smaaklik en vermy dit. Die silika word ook in die wortels, stamme en lote neergelê waar dit die plant ondersteun tydens ongunstige klimaatstoestande soos hitte, koue en uitdroging.